INSIG | SAOU | INSIGHT

PROFESSIONELE ONTWIKKELING

PROFESSIONAL DEVELOPMENT

Insig 2 Insight 2
2017/01/17

REGISTRASIE VAN OPVOEDERS BY SARO EN SARO SE VEREISTES T.O.V PROFESSIONELE ONTWIKKELING VAN OPVOEDERS

Volgens SARO Wet 31 van 2000, soos gewysig deur die gewysigde Wet op Basiese Onderwys, 15 van 2011, is SARO se mandaat die volgende:

- Die registrasie van alle opvoeders
- Die bestuur van 'n sisteem vir die voortgesette ontwikkeling van alle opvoeders
- Om te verseker dat alle opvoeders aan die professionele, etiese kode van SARO voldoen

In die lig van bogemelde, en navrae wat deurlopend in die verband ontvang word, wil die SAOU weer die volgende belangrike inligting onder die aandag van lede bring:

SARO REGISTRASIE

Vraag: Wie moet almal by SARO registreer?
Antwoord:
Opvoeders wat werksaam is by:

- Openbare skole
  - Opvoeders in diens van die betrokke provinsiale onderwysdepartement i.t.v die Wet op indiensneming van Opvoeders (1998); en
  - Opvoeders in diens van die betrokke skoolbeheerliggaam in terme van Artikel 20 van die SA Skolewet (1996) en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (1997);
- Erkende **onafhanklike** skole;
- VOO inrigtings (opvoeders aangestel onder die VOO Wet van 1998)
- Sentrums vir volwasse leerders **(ABET)**;
- Waldorf en Montessori sentrums;
- VKO opvoeders met minimum NKR vlak 4 kwalifikasies, wat aangestel is by publieke en onafhanklike skole om Gr R te onderrig;
- **Buitelandse** opvoeders wat aangestel is i.t.v. 'n SARO Resolusie (2008);
- Onderwysers in opleiding **(SBO opvoeders)** volgens 'n SARO Resolusie (2006).

Vraag: Hoekom moet opvoeders registreer by SARO?
Antwoord:
In terme van SARO Wetgewing "no educator may be employed as an educator by ANY employer unless the person is registered by the council".

Vraag: Wie se verantwoordelikheid is dit om toe te sien dat alle opvoeders by 'n skool/instansie wel by SARO geregistreer is?
Antwoord:
Die hoof van die instansie sal verantwoordelik gehou word indien dit blyk dat 'n opvoeder nie in terme van SARO Wetgewing geregistreer is nie.

SARO VEREISTES TEN OPSIGTE VAN PROFESSIONELE ONTWIKKELINGSPUNTE (PO PUNTE)

Vraag: Is deelname aan die PO punte-sisteem verpligtend vir ALLE opvoeders?
Antwoord:
Deelname is verpligtend. Die enigste opvoeders wat tans vrygestel is, is kantoorgebaseerde opvoeders en Gr R praktisyns. Gr R opvoeders met toepaslike onderwyskwalifikasies, is verplig om aan te teken, maar SARO het geen jurisdiksie oor opvoeders by privaat kleuterskole nie. Alhoewel terapeute en sielkundiges punte aanteken by hulle onderskeie professionele rade, verwag SARO dat hulle ook sal aanteken vir die PO punte-sisteem.

Vraag: Opvoeders, ongeag hul posvlak, moes reeds aangeteken het vir die PO punte-sisteem. Wanneer moes dit gebeur het en wanneer het hulle onderskeie siklusse begin?
Antwoord:
Hoofde en Adjunkhoofde:

Hulle moes in 2013 aanteken en die eerste siklus het vanaf 2014 – 2016 geduur.

Departementshoofde:

Hulle moes in 2014 aanteken en hulle eerste siklus duur vanaf 2016 – 2018.

Posvlak 1 opvoeders:

- Sekondêre en gekombineerde skole, asook finale jaar studente: P1 opvoeders moes in 2015 aanteken en hulle siklus duur vanaf 2016 – 2018.
- Primêre skole en OLSOB skole, terapeute en sielkundiges aangestel i.t.v. die Wet op Indiensneming van Opvoeders, asook finale jaar studente: Geaffekteerdes moes in 2016 aanteken en hulle siklus duur vanaf 2017 – 2019.

Vraag: Wat gebeur met opvoeders wat nie aan die einde van die driejaar-siklus hulle voorgeskrewe 150 punt teiken bereik het nie.

Antwoord:

Vir die eerste 6 jaar is geen strafmaatreëls ingebou vir diegene wat nie die minimum aantal punte behaal het nie. Deur NIE te registreer of deel te neem aan die PO punte-sisteem nie, maak 'n opvoeder hom in wese skuldig aan 'n oortreding van Artikel 7 van SARO se professionele etiese kode. SARO beplan om die deelname in 2019 te herevalueer, waarna moontlike stappe teen oortreders ingestel sal word.

Vraag: Moet opvoeders weer van voor af aanteken nadat 'n driejaar-siklus verstryk het?

Antwoord:

Nee, die profiel wat geskep is, bly aktief. SARO sal egter outomaties, na afloop van elke siklus, die punte wat aangeteken is kanselleer, sodat die opvoeders aan die begin van die nuwe siklus weer by nul begin.

Vraag: Wat gebeur as ek gedurende 'n driejaar-siklus bevorder word?

Antwoord:

'n Opvoeder wat bevorder word na die posisie van departementshoof, adjunkhoof of hoof, gaan voort met sy/haar oorspronklike siklus. Hierdie persoonlike siklus sal dus verskil van ander opvoeders wat in bevorderingsposte is.

Vraag: Hoe moet ek registreer?

Antwoord:

Elke opvoeder is verplig om 'n SARO portefeulje te ontwikkel en moet sy eie individuele profiel op die SARO webwerf skep. Hierdie portefeulje moet die betrokkenheid van die opvoeder by bemagtigingsaksies reflekteer en die punte hiervoor word aanlyn deur die opvoeder op die persoonlike profiel geregistreer. Let daarop dat die registrasie van tipe 1 en 2 aktiwiteite die verantwoordelikheid van die opvoeder is maar dat die rapportering van tipe 3 aktiwiteite, die verantwoordelikheid van die eksterne diensverskaffer is. 'n Voorbeeld van die portefeulje is beskikbaar op die SARO webwerf.

Opvoeders word aangemoedig om die SARO webwerf te besoek by: www.sace.org.za.

Kliek op "Professional Development".

'n Gedetailleerde verduideliking van die elektroniese registrasieproses is beskikbaar onder die opskrif "CPTD Management System".

KENNISBOU 2017

WEES DIE VERSKIL

> *"If the only tool you have is a hammer, you tend to see every problem as a nail."*
> *Abraham Maslow*

Volgens die media is Suid-Afrika se swak internasionale Wiskunde en Wetenskap prestasie steeds te wyte aan die leerders se onvermoë om met begrip te lees. Leerders sukkel om vrae te beantwoord waar baie inligting gelees moet word om probleme op te los.

SAOU bly jou nommer een vennoot in opleiding en bemagtiging.

KENNISBOU 2017 is NOMMERPAS om bogenoemde leemtes aan te spreek.

Opleiding sal in die volgende vakke aangebied word:
Wiskunde Graad 1-3
Wiskunde Graad 7-9
Leesmetodiek Afrikaans Huistaal Graad 1-3
Rekeningkunde Graad 7-9
Fisiese Wetenskap Graad 10-12

RESERVEER DIE DATUM NOU EN WEES DEEL VAN DIE OPLOSSING!

Venues:

Pretoria:	3-6 Julie 2017
Bloemfontein:	17-20 Julie 2017
Port Elizabeth:	17-20 Julie 2017

Meer inligting rakende registrasie volg teen einde Februarie 2017

INSIG | SAOU | INSIGHT

PROFESSIONELE ONTWIKKELING

PROFESSIONAL DEVELOPMENT

Insig 2 Insight 2
2017/01/17

REGISTRATION OF EDUCATORS WITH SACE AND SACE REQUIREMENTS WITH REGARD TO PROFESSIONAL DEVELOPMENT OF EDUCATORS

According to the SACE Act, no 31 of 2000 as amended by the Basic Education Laws Amendment Act, no 15 of 2011, the core mandate of SACE is:

- The registration of all educators
- Managing a system for Continuous Professional Development of all educators
- Ensuring that all educators adhere to SACE's code of professional ethics

In the light of the above and queries received in this regard, the SAOU would again like to bring the following important information to your attention:

SACE REGISTRATION

Question: **Who must register with SACE?**
Answer:
Educators employed at:

- Public Schools:
  - Educators employed by the **provincial departments of education** in terms of the Employment of Educators Act of 1998; and
  - Educators employed by School Governing Bodies, in terms of Section 20 of the South African Schools Act (1996) and the Basic Conditions of Employment Act (1997)
- Recognised **independent** schools;
- Further Education and Training Institutions (employed in terms of the **FET** Act of 1998);
- Adult learning centers **(ABET)**;
- Waldorf and Montessori centers
- **ECD** educators with a minimum NQF level 4 **ECD** qualifications employed in public and independent schools to teach Grade R;
- **Foreign** educators as per Council Resolution of 2008.
- **Trainee** Teachers as per Council Resolution of 2006 **(SBET Educators)**

Question: **Why must educators register with SACE?**
Answer:
In terms of the SACE Act, "no person may be employed as an educator by any employer unless the person is registered with the Council."

Question: **Who is responsible for ensuring that ALL educators at a school /institution are registered in terms of SACE /legislation?**
Answer:
The principal/manager of the institution is responsible and will be liable if it becomes evident that an educator has not been registered in terms of SACE legislation.

SACE REQUIREMENTS WITH REGARD TO PROFESSIONAL DEVELOPMENT POINTS

Question: **Is participation in the professional development/CPTD points system compulsory?**
Answer:
Participation is compulsory. The only educators who are exempted, are office based educators and Gr R practitioners. Gr R educators with relevant education qualifications, are expected to sign up. SACE, however, does not have jurisdiction over educators at private pre-primary schools. Even though therapists and psychologists must register for the points system at their respective professional councils, they are still expected to sign up for the CPTD points system as well.

Question: **All educators, regardless of their post level, should by now have signed up for the CPTD points system. When was this supposed to have happened and when did the respective cycles start?**

Answer:

Principals and Deputy Principals:

They were supposed to sign up in 2013 and the duration of their first cycle was from 2014 – 2016.

Heads of Departments:

They were supposed to sign up in 2014 and the duration of their first cycle will be from 2014 – 2016.

P1 Educators:

- Secondary and combined schools: Educators, as well as final year students were supposed to sign up in 2015 and their cycle will last from 2016-2018.
- Primary schools, ELSEN Schools, therapists and psychologists employed in terms of the EEA of 1998, as well as final year students: Affected persons had to sign up in 2016 and their cycle will last from 2017 – 2019.

Question: What will happen to educators if they do not reach their 150 points target at the end of their three year-cycle?

Answer:

For the first 6 years SACE will not impose a penalty on educators not reaching their targets. SACE intends reviewing participation in 2019, where after possible penalties for non-compliance will be considered. Educators who refuse to participate in the CPTD points system or who defy it, will be contravening Section 7 of the SACE Code of Professional Ethics.

Question: Should educators sign up again when a three year cycle has lapsed?

Answer:

No, the profile that has been created, stays active. SACE will automatically cancel the accumulated points at the end of a three year cycle and the educator will start the new cycle from scratch.

Question: What will happen if an educator is promoted during a three year-cycle?

Answer:

Educators, promoted to the position of HOD, deputy principal or principal during a three year-cycle, will continue with their original cycle. Their personal cycle will thus differ from the other educators in promotion posts.

Question: What must I do to register?

Answer:

Every educator is obliged to develop a SACE portfolio and to create his/her individual profile on the SACE website. This portfolio will reflect the participation of the educator in empowerment opportunities and the points for these will be registered online on the personal profile. Please note that the registration of type 1 and 2 activities is the responsibility of the educator, however, type 3 activities must be reported by die external service provider. An example of such a portfolio is available on the SACE website. Educators are advised to visit the website at: www.sace.org.za.

Click on "Professional Development". A detailed explanation of the electronic registration procedures can be found under the heading: "CPTD Management System".

2017 KB
Kennisbou
Knowledge Builder

KNOWLEDGE BUILDER 2017

BE THE CHANGE

> *"If the only tool you have is a hammer, you tend to see every problem as a nail."*
> *Abraham Maslow*

According to the media, South Africa's poor international mathematics and science achievement is still due to the lack of students' ability to understand what they are reading. Students are struggling to answer questions when a lot of information has to be processed in order to solve the problem.

The SAOU remains your number one partner in training and empowerment.

KNOWLEDGE BUILDER 2017 is tailored to address these needs.

Training will be presented in the following subjects:
Mathematics Grades 1-3
Mathematics Grades 7-9
Reading Methodology English Home Language Grade 1-3
Accounting Grades 7-9
Physical Sciences Grades 10-12

SAVE THE DATE NOW AND BE PART OF THE SOLUTION!

Venues:

Pretoria:	3-6 Julie 2017
Bloemfontein:	17-20 Julie 2017
Port Elizabeth:	17-20 Julie 2017

More information with regards to registration will be given by the end of February